2018/07/12
08:42 AM

Graan SA Oggend Markkommentaar

	DATUM 2018/07/12	DATUM 2018/07/11			+ - LAST WEEK 2018/07/05	
	Data	Δ	Δ%	Data	Δ%	Data
DJIA-index	24700	-219.82	-0.9%	24920	2.2%	24175
Goud (Spot)	1244.45	-6.78	-0.5%	1251.23	-0.7%	1253.5
Brent $/vat	74.1	-4.76	-6.0%	78.86	-5.2%	78.16
1 € / US$	1.1672	0.00	-0.3%	1.1703	-0.2%	1.1693
1 US$ / ZAR	13.51	0.020	0.1%	13.49	-1.3%	13.69
Corn	R 1 766.84	-37	-2.0%	R 1 803.52	*CBOT Corn Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Jul 12:00 the previous day	
Wheat	R 2 363.89	-62	-2.6%	R 2 425.82	* CBOT Wheat Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Wheat Jul 12:00 the previous day	
Soybeans	R 4 122.17	-37	-0.9%	R 4 158.69	* CBOT Soy Jul cents / bushel 08:00 today vs. CBOT Soy Jul 12:00 the previous day	

Latest CBOT prices during overnight trading (Recorded between 6 a.m. to 07:00 am vs 12:00 pm the previous trading day)

Corn Jul 18	332.20	-7.40	-2.2%	339.60	Pariteitspryse gelewer in Randfontein. Koring DBN invoer pariteit ipv uitvoer pariteit	
Wheat Jul 18	476.20	-13.20	-2.7%	489.40		
Soybeans Jul 18	830.40	-8.60	-1.0%	839.00		
PLAASLIKE MARKINLIGTING					Invoerpariteit	Uitvoerpariteit
SORGHUM Jul '18	3200.00	0.00	0.0%	3200.00	3774.00	2079.00
WMAZ Spot	1998.00	-10.00	-0.5%	2008.00	4054.00	1950.00
WMAZ Sep 18	2044.00	-19.00	-0.9%	2063.00	3426.00	1950.00
WMAZ Dec 18	2113.00	-17.00	-0.8%	2130.00	3478.00	2007.00
YMAZ Spot	2074.00	-16.00	-0.8%	2090.00	3426.00	1950.00
YMAZ Jul 18	2132.00	-17.00	-0.8%	2149.00	3426.00	1950.00
YMAZ Sep 18	2198.00	-18.00	-0.8%	2216.00	3478.00	2007.00
SOY spot	4287.00	-37.00	-0.9%	4324.00	6441.00	4384.00
SOY Sep 18	4382.00	-40.00	-0.9%	4422.00	6440.00	4373.00
SUN Spot 18	4600.00	-51.00	-1.1%	4651.00	6438.00	4905.00
SUN Sep 18	4710.00	-45.00	-0.9%	4755.00	6438.00	4905.00
WHEAT July 18	4021.00	1.00	0.0%	4020.00	4258.00	3938.00
WHEAT Sep 18	4085.00	-5.00	-0.1%	4090.00	4412.00	4095.00
WHEAT Dec 18	4139.00	-11.00	-0.3%	4150.00	4960.00	4646.00

NUUTSTE MARKINLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY UIT VERSKEIE MARKVERSLAE

BY DIE GELD PUT OPSIE

	WM	YM
DEC '18 TERMYNPRYS	R 2 113.00	R 2 198.00
CALL TREFPRYS	R 2 120.00	R 2 200.00
CALL PREMIE	R 107.67	R 115.81
GELYKBREEK SAFEX PRYS	R 2 227.67	R 2 315.81

WEEK NR.	MIELIE UITVOERE		
10	WM	YM	TM
WEEK TOTAAL	6 026	116 272	122 298
JTD TOTAAL	93 923	574 407	668 330
UITVOERBAAR	1 550 000	2 455 000	4 005 000
JTD AS % VAN UITVOERBAAR	6%	23%	17%
TEMPO/WEEK BENODIG	34 669	44 776	79 445
	MIELIE PRODUSENTE LEWERINGS		
WEEK TOTAAL	500 481	429 280	929 761
JTD TOTAAL	2 111 673	2 982 021	5 093 694
NOK SKATTING + REGSTELLINGS	6 379 660	5 797 150	12 176 810
% GELEWER VAN OES	33%	51%	42%
TEMPO /WEEK BENODIG	125 529	82 798	208 327
	KORING INVOERE		
	2017/18	2016/17	5 Jr. GEM
WEEK TOTAAL	56 050	25 883	28 263
JTD TOTAAL	1 637 148	581 125	1 111 823
TOTAAL BENODIG	1 930 000	930 728	1 622 999
JTD AS % VAN BENODIG	85%	62%	69%

Markoorsig: Die rand verhandel teen R13.52 teenoor die dollar vanmôre en dit het sedert gister ongeveer 1,4% teenoor die dollar verswak met die voortdurende handelsoorlog tussen die VSA en China wat sy tol eis op die ontluikende markte. Die groot volatiliteit van die rand is slegs 'n aanduiding van hoe sterk eksterne faktore die plaaslike geldeenheid asook dié van ander ontluikende lande beïnvloed. Daar is ook verskeie plaaslike faktore en onsekerhede wat 'n impak het op die plaaslike geldeenheid en wat bydra tot die onsekerheid. In die plaaslike ekonomie word die nuutste vervaardigings en mynbou produksiesyfer bekend gemaak. Die mark sal hierdie syfers fyn dophou aangesien dit 'n groot impak op die plaaslike BBP het. . Ru-olie verhandel vanoggend teen $74.10 per vat. Volgens OPEL se voorspelling, toon aan dat die onlangse ooreenkoms tussen hulle en ander olieproduserende lande om die uitset met 1 miljoen vate per dag te verhoog sal nie genoeg wees om aan die wêreld vraag te voldoen in die volgende paar maande nie.

Mielies: Die Amerikaanse mieliepryse is onder druk met die nuutste handelsoorlog verwikkelinge tussen die VSA en China, tesame met gunstige weerstoestande wat goeie produksieverwagtinge ondersteun. Voor die USDA se nuutste wêreld vraag en aanbod verslag (WASDE) wat later vandag bekend gemaak word is dat die Amerikaanse produksie vir die seisoen hoër aangepas behoort te word as die vorige skatting. Die verwagting is ook dat die eindvoorraad vir die seisoen hoër aangepas sal word in vandag se skatting. Ontleders verwag dat die USDA die skatting vir die 2017/18 seisoen wêreld eindvoorraad sal verlaag van 192,7 miljoen ton tot 190,0 miljoen ton terwyl die verwagting is dat die wêreld eindvoorraad vir die 2018/19 seisoen effens hoër aangepas sal word as die vorige skatting. Die Suid Amerikaanse produksie vir die seisoen sal heel waarskynlik laer aangepas word vanaf die vorige skatting. Frankryk het beraam dat hul land eindvoorraad met 3,6% gestyg het van 'n maand gelede tot 2,9 miljoen ton. **Plaaslik:** Die plaaslike mieliemark het gister hoofsaaklik onder druk gekom en het laer gesluit vir die dag in meeste van die kontrak maande van beide wit en geelmielies wat tans gelys is. Weeklikse Produsente lewerings vir die vorige week word op 929 761 ton gerapporteer; 500 481 ton witmielies en 429 280 ton geelmielies.

Sojabone: Die Amerikaanse sojaboonmark het gister weer onder druk gekom en het nuwe kontrak laagtepunte bereik gedurende die dag. Die pryse bly steeds onder druk hoofsaaklik as gevolg van die handelsoorlog tussen die VSA en China wat steeds voortduur asook die gunstige produksietoestande wat tans in die VSA heers en die verwagting van goeie oeste hierdie seisoen ondersteun. Die nuutste WASDE verslag word later vandag deur die USDA bekend gemaak en die verwagting in die mark is dat die Amerikaanse produksie vir die seisoen en eindvoorraad skatting van sojabone beide hoër sal wees as verlede maand se skatting. Die verwagting is egter dat die wêreld eindvoorraad vlakke vir die seisoen laer aangepas sal word vanaf die vorige skatting. Die verwagting is ook dat die Suid Amerikaanse lande se produksie laer aangepas sal word in vandag se skatting. Die nuutste weeklikse uitvoerverkope verslag word ook later vandag bekend gemaak en die handelsverwagtinge in die mark is dat die weeklikse sojaboon uitvoerverkope tussen ongeveer 450 000 ton en 1.05 miljoen ton behoort te wees. Die mark verwag ook dat die sojaboonmeel uitvoere vir die week tussen 80 000 en 400 000 ton behoort te wees terwyl die sojaboon olie uitvoere tussen 10 000 ton en 40 000 ton behoort te wees. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het gister meestal onder druk gekom en het laer verhandel vir die dag in meeste van die kontrakmaande wat tans gelys is. In gister se weeklikse produsente leweringsverslag wat deur SAGIS bekend gemaak was is die sojaboon lewerings vir die week op 17 258 ton gerapporteer. Die totale lewerings vir die seisoen staan op 1.482 miljoen ton wat ongeveer 96% van die NOK skatting is.

Koring: Die Amerikaanse koringmark het gister ook hoofsaaklik laer gesluit as gevolg van 'n oorspoel effek vanaf die ander kommoditeite. Daar is ook oor die algemeen meer beermark vooruitsigte vir die 2018/19 seisoen wat verwag word. Die verwagting in die mark vir vandag se WASDE verslag is dat die produksie skatting van alle tipes koring in die VSA hoër aangepas sal word vanaf die vorige skatting met die moontlike toenames in die lentekoring wat moontlike afnames in die winterkoring behoort te oorskry. Die verwagting in die mark is dat die Amerikaanse eindvoorraad vir die 2017/18 seisoen ongeveer 4.2% hoër aangepas sal word vanaf die vorige skatting terwyl die voorrade vir die 2018/19 seisoen effens laer aangepas kan word. Die verwagting in die mark vir die weeklikse uitvoerverkope verslag wat later vandag bekend gemaak word is dat die koring uitvoerverkope vir die week tussen 200 000 ton en 500 000 ton behoort te wees. **Plaaslik:** Die plaaslike koringmark het gister weereens nie groot prysbewegings getoon nie en die mark het effens laer tot byna onveranderd gesluit vir die dag. Daar is tans nog 'n invoer heffing wat tot 'n vlak van R281/ton getrigger het, maar nog nie afgekondig is in die staatskoerant nie. Dan behoort die tarief vandag weer bes moontlik hoër te trigger na 'n vlak van R640/ton. Die tarief is tans R437/ton.

Plaaslike Markinsigte & Data: www.grainsa.co.za /www.sagis.co.za
Internasionale Markinsigte & Data: www.usda.co.za

Opgestel deur *Luan van der Walt en Ikageng Maluleke* / ***Vir navrae, kontak****: luan@grainsa.co.za*
Dankie aan die Mielietrust vir die gedeeltelike befondsing van hierdie projek

Everything has been done to ensure the accuracy of this information, however Grain SA takes no responsibility for any losses or damage incurred due to the usage of this information.